
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V3

## NOVEMBER 2024

**PUNTE: 100**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: Opstel | | (50) |
| AFDELING B: Transaksionele Tekste | (2 x 25) | (50) |

2. Beantwoord EEN vraag in AFDELING A en TWEE vrae in AFDELING B.

3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou werk beplan (bv. deur 'n breinkaart/diagram/vloeidiagram/ kernwoorde te gebruik), taalversorg en proeflees. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en daarna netjies deurgehaal word.

7. Jy moet jou tyd soos volg bestee:

   AFDELING A: ongeveer 100 minute
   AFDELING B: ongeveer 80 (2 x 40) minute

8. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem wanneer die woorde getel word NIE.

10. Skryf netjies en leesbaar.

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

Kies EEN van die volgende onderwerpe/prente en skryf 'n opstel van 400 tot 450 woorde. Skryf die nommer en die titel/opskrif van jou opstel neer.

1.1 ... en toe neem ek dié besluit! **[50]**

1.2 **Is dít sosiale selfdood?** **[50]**

1.3 **Ek vlieg met my eie vlerke.** **[50]**

1.4 Ek hoor die roepstem ... **[50]**

1.5 "Ek wonder wat van jou geword het
Jy wat nog so by my spook
Ek weet net ons het die vuur gemaak
Die wêreld aan die brand gestook"

[*Tussen Treine*, Richard van der Westhuizen, 2015] **[50]**

Bestudeer die prente hieronder en skryf 'n OPSTEL oor EEN. Skryf die vraagnommer (1.6, 1.7 OF 1.8) en jou eie titel neer.

1.6




[Bron: https//wordz.com/easy-on-nature] **[50]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.7



[Bron: https//stessens be/sleutel-op-die-deur] **[50]**

1.8



[Bron: https//punchng.com] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 2

Kies TWEE van die volgende onderwerpe en skryf 180 tot 200 woorde oor elkeen. Skryf die nommer en die titel/opskrif wat jy gekies het, neer.

2.1 **INFORMELE E-POS**

'n Vriend/Vriendin van jou, wat ook in matriek is, wonder of hy/sy volgende jaar moet gaan studeer, werk of 'n oorbruggingsjaar neem.

Gebruik die formaat hieronder en skryf 'n E-POS aan jou vriend/vriendin waarin jy jou mening hieroor lug.

| | |
|---|---|
| Van | |
| Aan | |
| Datum | |
| Onderwerp | |
| | |

**[25]**

2.2 **FORMELE BRIEF: BRIEF AAN DIE PERS**

Daar het onlangs verskeie berigte oor die moeilike lewensomstandighede waarin verskeie Suid-Afrikaners moet oorleef, verskyn.

Skryf 'n BRIEF AAN DIE PERS waarin jy redes aanvoer waarom Suid-Afrikaners ten spyte van dié negatiewe berigte steeds bly hoop. **[25]**

2.3 **TYDSKRIFARTIKEL**

Dit is 'n realiteit dat hoërskoolleerders dikwels negatief beïnvloed word wanneer hulle in verkeerde vriendekringe beland.

Skryf 'n TYDSKRIFARTIKEL hieroor met die opskrif hieronder:

**HOE HANTEER EK VERKEERDE VRIENDE?** **[25]**

2.4 **DIALOOG**

Dit is donker en jy en 'n vriend/vriendin is in groot moeilikheid. Jou vriend/vriendin vra skielik:

**"Wie se slim plan was dit dié?"**

Skryf die DIALOOG wat hierop volg. **[25]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.5 **HULDEBLYK**

"Goeie vriende is soos sterre. Jy sien hulle nie die heeltyd nie, maar jy weet hulle is altyd daar." [Bron: www.etsy.com]

Jy word gevra om 'n huldeblyk vir 'n baie goeie vriend/vriendin by sy/haar agtiende verjaarsdagpartytjie te lewer.

Skryf die HULDEBLYK vir die vriend/vriendin en begin jou huldeblyk met die aanhaling hierbo. **[25]**

2.6 **INFORMELE TOESPRAAK**

Die aand voor 'n groot sportgeleentheid teen die buurskool word jy, as sportleier van jou skool, gevra om die deelnemende spanne toe te spreek. Jou INFORMELE TOESPRAAK het die volgende opskrif:

**KLEIN OOMBLIKKE IN GROOT WEDSTRYDE IS DIE VERSKIL TUSSEN WEN EN VERLOOR**

Skryf die TOESPRAAK. **[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou
SA EXAM PAPERS
Proudly South African